

SEPTEMBER 2026

NUUSBRIEF



VOORSITTER:

NEELS DU TOIT

ONDER VOORSITTER:

THEO HENDRIKS

SEKRETARIS:

DOLF VAN TONDER

TESOURIER:

DOLF VAN TONDER

ADDISIONELE LEDE:

SUSAN BADENHORST

LEON DE BRUYN

Volgende spel:

**13 Oktober by
Cullinan**

SEPTEMBER MAAND - UITEINDELIK LENTE!

Die winter is verby en September bring die belofte van lente, sonskyn en langer dae. Die gholfbane begin weer hul groen baadjies aantrek en oral is daar nuwe lewe. Mag September vir elkeen van ons baie sonskyn, goeie gholf en natuurlik 'n paar ekstra voëltjies op die telkaart bring!

Ons maandspel by Waterkloof was op 8 September teen die Old Oaks & Cows van Irene (Wise Old Cup) wat 'n jaarlikse instelling geword het. Formaat was Betterball Stableford.

Baie dankie aan Neels du Toit en Rob Cowan (Old Oaks) wat die dag gereël het.

UITSLAE:

BETTERBALL:

1 e: Kobus Olivier & Rob Staegemann
(47 punte) JAKARANDA

2 e: Willie Kidson & Don Irvine
(44 punte) JAKARANDA

3 e: Manny Ferreira & Rita Hochfellner
(43 pte) JAKARANDA

BEKER UITSLAG:

SAGES JAKARANDA wen die WOC CUP met 648 teenoor 602 BB punte en 17 teenoor 11 span punte vir 2026.

**Wel gedaan & baie dankie aan al
die lede wat deelgeneem het.**

SEPTEMBER VERJAARSDAE

Kobus Gouws	2 e
Phillip Molapo	5 e
Johan v Huyssteen	9 e
Peter Neveling	16 e
Franklin Lewis	19 e
Daan Terblance	19 e
Basie Greef	20 e
Alec Dixon	21 e
Gawie Opperman	22 e
Johan v d Heever	24 e
Garth Maree	25 e

Baie geluk !!



"WISE OLD CUP" TE WATERKLOOF:

NAASTE AAN DIE PEN:

Gat 6: Wantz Kloppe
 Gat 8: Nazir Mohamed
 Gat 15: Kobus Gouws
 Gat 17: Hannes Gelderblom

TWO CLUBS:

Gat 6: Paul Beverly
 Gat 15: Christo Ungerer



Baie dankie aan Rob Cowan wat die foto's in spotprent styl omskep het.



PROGRAM VIR DIE RES VAN 2026:

- 13 Okt: Cullinan
- 10 Nov: Pecanwood
- 8 Des: Bronkhorstspuit



*"Play well. Be kind. The scores fades.
 The memories don't. See you on the T-box"*

SAGES Nasionaal facebook blad:
facebook.com/sagesseniorgolfers

LIEF EN LEED:



Oor die maande het ons agtergekom dat lede nie graag hul lief & leed met 'n hele groep wil deel nie, wat te verstane is. Dus vra ons dat sou iemand in die vervolg hul leed in die nuusbrieff wil deel, hul direk vir Susan 'n boodskap stuur. Intussen wyk ons bietjie af...

- Peter Dekker is sedert Julie verlede jaar in Turkye en keer einde November terug. Ons sien uit om jou weer in ons geledere te hê Peter.
- Johan van den Heever vertrek einde September na Angola vir werk en sal eers in Desember terug wees. Wees veilig Johan!

LEER KEN MEKAAR:

Ons speel so gereeld saam golf maar, wat weet ons regtig van mekaar? In hierdie kolom gaan ons elke maand ietsie meer oor 'n speler in ons groep vertel.



Garth Maree kom eerste aan die beurt.

Garth het op Grahamstad skool gegaan en na matriek by die Poskantoor aangesluit. Na aflos werk in die Oos-Kaap is hy na die Streekkantoor in Port Elizabeth verplaas en in 1974 na die Hoofkantoor in Pretoria. Hier is hy met Susan getroud. Sy het drie dogters gehad nl. Tessa, Antoinette en Lindie. Hul het 8 kleinkinders en 2 agter kleinkinders. Na 37 jaar se diens het hy as Senior Bestuurder afgetree. Garth is ook 'n kranige kitaarspeler en het in 'n paar orkeste oor die jare gespeel - hy speel nog gereeld vir die familie en vriende. Hy geniet sy golf en kyk veral krieket, rugby, F1 en golf op die TV. Garth is sedert 2004 lid van SAGES Jakaranda. Hy was van 2010 tot 2017 die sekretaris waarna is hy in 2018 tot voorsitter verkies is - hy het die pos bekleed tot in 2020. Hy het 14 nasionale toernooie bygewoon en is tans 'n "Honorory Life Member" van Sages.

KLEREDRAG:

Mans:

- 'n Hemelsblou Sages golfhemp met 'n donkerblou lang- of kortbroek.
- Sages golf pet/hoed en Sages "windbreaker /Pull over" indien nodig.
- SAGES-naamplaatjie.

Dames:

- 'n Hemelsblou Sages golfhemp met 'n donkerblou/grys romp, langbroek of kortbroek.
- 'n Donkerblou Sages pet en Sages "windbreaker/Pull-over" indien nodig.
- Sages naamplaatjie.



SAGES Jakaranda se nuwe Custom Apparel hemde

Vir klere bestellings:

- Vir die nuwe CA hemde kontak vir Susan.
- Alle ander klere en naam plaatjies, kontak vir Neels.



NOORDELIKE STREEK BYEENKOMS: READING, ALBERTON. JAKARANDA WEN!!

Die Noordelike Streek byeenkoms is deur Oos Rand aangebied te Reading Country Club, Alberton op 21 & 22 September.

Die volgende 9 streke het deelgeneem:

Oos Rand, Wes Rand, Suid Rand, Verre Noord, Hoëveld, Jakaranda, Jimmy Gowans, Waterberg & Laeveld.

Reën was vir beide dae voorspel, maar genadiglik het ons twee heerlike sonskyn dae beleef.

Die kompetisie was Betterball Stableford en die span/tak met die hoogste gesamentlike Stableford-punte telling oor die twee dae is as die wenner aangewys.

Die volgende spelers het Jakaranda verteenwoordig:

- Hein Piater & Rita Hochfellner
- Walter Gilfillan & Leon de Bruyn
- Nico Nel & Las du Plessis
- Johan Koekemoer en Dries Slabbert
- Koot & Susan Badenhorst (Span kaptein)

Op dag 1 is Hein Piater en Rita Hochfellner as beste Betterball paar aangewys met 'n ongelooflike 47 punte. Baie geluk julle!

Span punte oor die 2 dae was as volg:

Hein & Rita: 88 punte

Johan & Dries: 80 punte

Walter & Leon: 79 punte

Koot & Susan: 81 punte

Nico & Las: 81 punte

FINALE TAK UITSLAE:

	<u>Best Branch</u>	<u>Ave</u>
1st	Jacaranda	81.8
2nd	South Rand	80.3
3rd	Jimmy Gowens	79.1

Baie geluk en baie dankbaar vir jul moeite en onkoste aangegaan om Jakaranda te verteenwoordig!



SAGES JAKARANDA

"WISE OLD CUP" TE WATERKLOOF FOTOS:



SAGES JAKARANDA

"WISE OLD CUP" TE WATERKLOOF FOTOS:



"WHEN WE UNDERSTAND THAT EACH DAY ISN'T ONE MORE DAY, BUT ONE LESS, WE'LL START GIVING MORE VALUE TO THE HOURS ON THE COURSE THAT TRULY MATTER"

SAGES JAKARANDA

NOORDELIKE STREEK BYEENKOMS:



DIE SAGES/OU BULLE/KLUB 41 SPEL SE UITSLAE VOLG IN ONS OKTOBER NUUSBRIEF. GROETE TOT VOLGENDE MAAND.